3 September **Skrifgedeelte: Spreuke 13:1-14:21**
Fokusgedeelte: Spreuke 1:22b

Ou grootmond met sy spogpraatjies

Iemand wat spog word 'n grootmond genoem. Skoolkinders koggel 'n grootprater baie gou: "Meer bek as binnegoed!" Grootpraat is sonde (Jak 4:17), want 'n grootprater roem sonder rede in homself (Jak 4:16). Hy lieg, want dit wat hy van homself sê, is onwaar, dit is aangedik, daar is bygelieg. Hy vergeet dat God alle dinge bestuur en beskik. In die Bybel vind ons voorbeelde hiervan. Simson het God buite rekening gelaat, daarom het hy grootgepraat oor sy eie krag (Rig 16:20). Dit het hom suur bekom (Rig 16:20-21). Petrus praat groot en sê hy sal Jesus nooit verloën nie (Matt 26:33-35). Hoe diep het hy nie geval nie (Mark 14:66-72)! Die Fariseër praat in sy gebed groot oor homself en die wyse waarop hy lewe (Luk 18:9-14). Al sy woorde was leuens. Goliat hou hom ewe grootmond voor Israel se magte (1 Sam 17), maar word beskaam in sy nederlaag. Die Satan is die kampioengrootprater (Matt 4:8-9). Hy is die vader van die leuen (Joh 8:44). Hy praat groot van sy eie mag (Luk 4:5-7), hoewel hy weet dat God almagtig is (Mark 1:24). Eenmaal sal hy in die poel van ewige vuur brand en sy grootpraatjies saam met hom. Tereg verklaar Spreuke 1:22 dat die grootpraters hulle grootpratery nie lank sal geniet nie. Die waarheid haal die leuen altyd in. Die gelowige moet nederig wees en sê: "As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen" (Jak 4:15). Alles is in die hande van God. Hy gee vernuf en sukses.

Sing: Psalm 138:3 Ds CN van der Merwe (Klerksdorp)